Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2023

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, insluitend ŉ formuleblad en ŉ 10-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. ꞌn Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag ꞌn nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag ꞌn donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ꞌn riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Rekonsiliasies: Bank en Krediteure | 35 | 25 |
| **2** | Kosteberekeninge | 55 | 45 |
| **3** | Voorraadwaardasie | 35 | 30 |
| **4** | Vaste Bates | 25 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

Kopiereg voorbehou 

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 1: REKONSILIASIES – BANK EN KREDITEURE (35 punte; 25 minute)**

1.1 Pas die stelling in KOLOM A teenoor ŉ term uit KOLOM B. Skryf slegs jou antwoord (A–E) teenoor die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Rente op die bankstaat gedebiteer | A Bankkoste |
| 1.1.2 Die koste verbonde aan die gebruik van ŉ lopende bankrekening | B Debiet |
| 1.1.3 ŉ Saldo op ŉ bankstaat wat ŉ gunstige saldo aandui | C Aftrekorder |
| 1.1.4 Magtig ŉ bank om ŉ vaste maandelikse bedrag aan dieselfde begunstigde te betaal | D Rente op oortrokke bank |
| | E Krediet |

(4 x 1) (4)

1.2 **BANKREKONSILIASIE**

Die inligting is geneem uit die rekords van Pheasant Handelaars. Die besigheid gebruik die amptelike bankstaat wat op die 26^ste van elke maand beskikbaar is, om die bankrekonsiliasie-proses te voltooi.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte totale van die kontantjoernale vir April 2023. Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word. (10)

1.2.2 Bereken die Bankrekening se saldo op 30 April 2023. (4)

1.2.3 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2023. (7)

**INLIGTING:**

**A.** Uittreksel van items wat op die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Maart 2023 verskyn het:

| | | |
|---|---|---|
| Uitstaande deposito's: | op 26 Maart 2023<br>op 31 Maart 2023 | R9 500<br>R10 500 |
| Uitstaande EFO | Nr. 341 | R4 650 |
| Gunstige saldo op Bankrekening in die grootboek | | R18 795 |

**LET WEL:**
- Die deposito op 26 Maart 2023 verskyn op die April-bankstaat as R4 500. Die verskil moet afgeskryf word aangesien die kassier nie meer vir die besigheid werk nie.
- Al die ander uitstaande bedrae verskyn korrek op die April-bankstaat.

**B.** Die kontantjoernale toon die volgende voorlopige totale voordat die bankstaat vir April 2023 ontvang is.
- Totaal van Kontantontvangstejoernaal, R91 230
- Totaal van Kontantbetalingsjoernaal, R101 050

**C.** Die volgende items op die bankstaat vir April 2023, moet nog in berekening gebring word:
- Diensgeld, R245; kredietkaartfooie, R750; kontanthanteringsfooie, R430
- Rente gekrediteer, R200
- Debietorder aan Eagle Secure vir die besigheid se versekering, R2 100
- Direkte deposito van R7 500 deur ŉ debiteur

**D.** EFO nr. 375 is as R6 000 in die KBJ aangeteken. Hierdie EFO verskyn op die April-bankstaat met die korrekte bedrag van R600.

**E.** ŉ Aftrekorder vir die terugbetaling van ŉ lening, R10 000, verskyn op die April-bankstaat. Die lening is egter in Maart 2023 afbetaal. Die leninginstansie is in kennis gestel van hierdie fout. Dit sal op die volgende staat reggestel word.

**F.** Die volgende items verskyn in die kontantjoernale vir April 2023, maar nie op die bankstaat vir April 2023 nie:
- Deposito op 30 April 2023, R21 500
- EFT nr. 440, R2 250

**G.** Die saldo op die bankstaat op 30 April 2023 was R ...?

1.3 **KREDITEUREREKONSILIASIE**

Jy word voorsien van inigting uit die rekords van Wakeford Handelaars vir Mei 2023. Die saldo van die Krediteurekontrolerekening en die totaal van die Krediteurelys is nie dieselfde nie.

**GEVRA:**

1.3.1 Verduidelik waarom die saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek moet ooreenstem met die totaal van die Krediteurelys wat vanuit die Krediteregrootboek opgestel word. Verskaf EEN punt. (2)

1.3.2 Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK om die saldo van die Krediteure-kontrolerekening met die totaal van die Krediteurelys te versoen. Gebruik ŉ "+" vir ŉ toename en ŉ "-" vir ŉ afname teenoor elke bedrag. (8)

**INLIGTING:**

**A.**

| | |
|---|---|
| Saldo van die Krediteurekontrolerekening op 31 Mei 2023 | R111 340 |
| Totaal van die Krediteurelys | R78 480 |

**B. ŉ Ondersoek het die volgende aan die lig gebring:**

(i) Die Krediteurelys was verkeerdelik opgetel. Die Krediteurelys is met R960 te min opgetel.

(ii) Die Krediteurekontrolekolom in die Mei 2023 KBJ is R16 400. Hierdie bedrag is na die Krediteurekontrolerekening gekrediteer.

(iii) ŉ Faktuur vir kredietaankope vir R3 920 op 30 Mei 2023, is nog nie aangeteken nie.

(iv) Goedere teruggestuur aan ŉ verskaffer, R1 000, is korrek in die KAJ ingeskryf en so na die Krediteurekontrolerekening oorgeboek. Dit is egter as R100 na die krediteur se rekening in die Krediteuregrootboek oorgeboek.

**35**

## VRAAG 2: KOSTEBEREKENINGE (55 punte; 45 minute)

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs "waar" of "onwaar" teenoor die vraagnommers (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

2.1.1 Vraggeld betaal op grondstowwe aangekoop, verhoog die koste van direkte materiaal vir produksie uitgereik. (1)

2.1.2 Advertensies is deel van fabrieksbokoste. (1)

2.1.3 Kommissie aan verkoopspersoneel is deel van administratiewe koste. (1)

2.1.4 Afleweringskoste is deel van verkoops- en distribusiekoste. (1)

2.2 **SIVE VERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Sive Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. Hulle vervaardig een soort skooltas.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die direkte arbeidskoste. (8)

2.2.2 Bereken die fabrieksbokoste. (15)

2.2.3 Voltooi die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (8)

**INLIGTING:**

**A.** Voorraadsaldo's:

| | 28 Februarie 2023 | 1 Maart 2022 |
|---|---|---|
| Grondstofvoorraad | | |
| Goedere-in-bewerkingvoorraad | ? | R240 560 |
| Klaarproduktevoorraad | R142 500 | R165 000 |
| Indirekte materiaal | R22 650 | R19 800 |

**B.** Arbeidskoste vir produksie:

| | |
|---|---|
| Aantal werkers | 14 |
| Basiese **maandelikse** salaris per fabriekswerker | R10 500 |
| **Totale** oortyd-ure vir die jaar (vir al die werkers) | 3 100 |
| Oortyd-tarief per uur | R80 |
| WVF aftrekkings van **basiese** salaris | 1% |
| Werkgewersbydrae tot WVF | R-vir-R |

**C.** Die fabrieksvoorman verdien 'n jaarlikse salaris van R234 000 (alle voordele ingesluit).

**D.** Indirekte materiaal ter waarde van R57 600 is gedurende die finansiële jaar vir die fabriek aan gekoop.

**E. Uitgawes geneem uit die proefbalans op 28 Februarie 2023:**

| | |
|---|---|
| Huuruitgawe | R172 800 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | R415 830 |
| Water en elektrisiteit | R156 000 |
| Versekering | R107 100 |

**Aansuiwerings om in berekening te bring:**

- Huuruitgawe moet as volg, volgens vloerspasie gebruik, toegeken word:

| | |
|---|---|
| Vloerspasie vir fabriek | 900 $m^2$ |
| Vloerspasie vir verkoopsdepartement | 750 $m^2$ |
| Vloerspasie vir administrasiedepartement | 600 $m^2$ |
| Totale vloerspasie | 2 250 $m^2$ |

- Water en elektrisiteit moet as volg toegedeel word:

| | |
|---|---|
| Fabriek | 90% |
| Verkoopsdepartement | 5% |
| Administrasiedepartement | 5% |

- ŉ Betaling van R4 200 vir versekering op 2 Februarie 2023 het nie deurgegaan nie, as gevolg van ŉ stelselfout. Dit sal op 1 Maart 2023 betaal word. Versekering moet in die verhouding 3 : 2 : 2 tussen die fabriek, verkope en administrasie-departemente verdeel word.

**F. Addisionele inligting:**

- Direkte materiaal aan die fabriek uitgereik, R3 150 000
- Verkope van klaarprodukte, R9 300 000
- Koste van verkope van klaarprodukte, R6 022 500

## 2.3 RUSKS FOR YOU

Die besigheid vervaardig gesondheidsbeskuit. Die eienaar is Linda Williams en die finansiële jaar-einde is 31 Mei.

**GEVRA:**

2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Mei 2023. (4)

2.3.2 Lewer kommentaar en sê of Linda tevrede behoort te wees met die aantal eenhede geproduseer en verkoop gedurende die finansiële jaar. Haal syfers aan. (6)

2.3.3 Gee TWEE moontlike redes vir die toename in direkte materiaalkoste per eenheid vir die huidige finansiële jaar. (4)

2.3.4 Verskaf EEN rede waarom Linda bekommerd mag wees oor die toename in die totale vaste koste gedurende die huidige finansiële jaar. (2)

2.3.5 Linda wil die inhoud per pakkie verminder, maar sy wil steeds dieselfde verpakking (wat die gewig as 500 g aangee) gebruik om kostes te bespaar. Sy wil die verkoopprys dieselfde hou. Watter advies sal jy aanbied? Gee TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

| | **31 Mei 2023** | | **31 Mei 2022** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Totaal** | **Per eenheid** | **Totaal** | **Per eenheid** |
| Direkte materiaalkoste | 984 000 | R10,25 | 889 200 | R7,60 |
| Totale veranderlike koste | 1 536 000 | R16,00 | 1 462 500 | R12,50 |
| Totale vaste koste | 1 104 000 | R11,50 | 945 000 | R8,08 |
| Totale verkope | 2 688 000 | R28,00 | 2 691 000 | R23,00 |
| Aantal eenhede vervaardig en verkoop | 96 000 eenhede | | 117 000 eenhede | |
| Gelykbreekpunt | ? | | 90 000 eenhede | |

**55**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 30 minute)

3.1 Kies die korrekte antwooord uit die gegewe opsies. Skryf slegs die antwoord teenoor die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK.

| EIEU; Periodieke stelsel; Deurlopende stelsel; Geweegde-gemiddelde-metode |
|---|

3.1.1 Die voorraadstelsel waar die koste van verkope vir elke verkoop-transaksie aangeteken word. (1)

3.1.2 Die voorraadwaardasie-metode gebaseer op die aanname dat die oudste voorraad altyd eerste verkoop word. (1)

3.1.3 Die waarde van eindvoorraad word bereken deur die totale bedrag bestee vir die aankoop van voorraad te deel deur die aantal eenhede beskikbaar vir verkope. (1)

3.2 **VOORRAADWAARDASIE**

Jy word voorsien van inligting rakende Global Jackets Bpk. Neville Ceder is die eienaar van die besigheid. Hulle verkoop spesiale baadjies vir matriekulante. Die besigheid gebruik die **periodieke voorraadstelsel** en die **geweegde-gemiddelde** metode om voorraad te waardeer.

**GEVRA:**

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2023. (9)

3.2.2 Bereken die gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae) vir baadjies. (5)

3.2.3 Dit bekommer Neville, dat ten spyte van ŉ sekuriteitswag by die deur, baadjies steeds wegraak.
- Bereken die aantal baadjies wat weg is. (4)
- Gee TWEE punte van advies hoe Neville hierdie probleem kan aanspreek. (4)

3.2.4 Neville het onlangs gehoor dat ŉ mededinger die EIEU-metode gebruik om hul voorraad te waardeer. Hy is nuuskierig hieroor.
- Verduidelik watter effek ŉ verandering na die EIEU-metode op die bruto wins van die baadjies sal hê. (2)
- Gee EEN rede **pro (vir)** verandering van die voorraadwaardasie-metode. (2)
- Gee EEN rede **teen** verandering van die voorraadwaardasie-metode. (2)

3.2.5 ŉ Personeellid het voorgestel dat die maatskappy die baadjies vir 30 graad 12-leerders van ŉ plaaslike skool, wat nie kan bekostig om hierdie spesiale baadjies in hul matriekjaar te koop nie, te borg.

Verduidelik waarom jy dink dit is ŉ goeie idee. Gee TWEE redes. (4)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's**

| | Eenhede | Eenheids-prys | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Julie 2022 | 820 | | R416 290 |
| 30 Junie 2023 | 1 160 | | ? |

**B. Aankope gedurende die jaar:**

| Datum | Eenhede | Eenheids-prys | Vraggeld op aankope | Totale bedrag R |
|---|---|---|---|---|
| 10 Augustus 2022 | 2 400 | R538 | R62 400 | 1 353 600 |
| 20 April 2023 | 705 | R562 | R19 740 | 415 950 |
| 28 Junie 2023 | 1 815 | R600 | R54 450 | 1 143 450 |
| **TOTAAL** | **4 920** | | | **2 913 000** |

**C. Terugsendings vir die maand: (kosprys plus vraggeld is terugbetaal)**

| Terugsendings van aankope | Eenhede | Eenheids-prys | Vraggeld op aankope | Totale bedrag R |
|---|---|---|---|---|
| 10 Augustus 2022 | 10 | | | 5 640 |
| 28 Junie 2023 | 5 | | | ? |
| **TOTAAL** | 15 | | | ? |

**D. Verkope:**

- 4 350 baadjies is gedurende die jaar verkoop.

**35**

**VRAAG 4: VASTE BATES** **(25 punte; 20 minute)**

4.1 **VASTE BATES**

Die inligting het betrekking op Maluti Handelaars Bpk. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die waardevermindering op toerusting en op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (14)

4.1.2 Gee EEN rede waarom ŉ maatskappy mag besluit om vaste bates te verkoop. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Saldo's van Vaste Bates**

| | **28 Feb 2023** | **1 Maart 2022** |
|---|---|---|
| Voertuie | ? | 444 150 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | ? | 162 000 |
| Toerusting | 600 000 | ? |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | ? | 440 000 |

**B. Addisionele inligting:**

(i) Nuwe toerusting, kosprys R120 000, is op 1 Mei 2022 aangekoop.

(ii) Op 31 Julie 2022 is ŉ voertuig vir R81 000 kontant verkoop. Die oorspronklike kosprys was R164 250 en op 1 Maart 2022 was die opgehoopte waardevermindering op hierdie voertuig R56 250.

(iii) ŉ Nuwe voertuig is op 1 September 2022 vir R315 000 aangekoop.

(iv) Toerusting word verminder teen 20% p.j. op kosprys.
Voertuie word verminder teen 20% p.j. op drawaarde.

4.2 **BESTUUR VAN VASTE BATES**

Hlope Afleweringsdienste besit drie afleweringsvoertuie. Die eienaar, Phillip, is bekommerd oor die kontrole oor voertuie. Hy het sekere inligting van die toesighouers bekom en vra vir jou hulp.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN verskillende probleem vir elke voertuig. Haal syfers aan.
Gee EEN punt van advies vir elke probleem geïdentifiseer. (9)

**INLIGTING:**

**A.** Goedere word binne ŉ radius van 30 km, gratis aan klante afgelewer. Aflewerings word nie oor naweke gedoen nie.

**B.** Inligting voorsien deur die toesighouer. Dit verwys na die 4 weke (20 dae) gedurende Mei 2023.

| | **Voertuig 1** | **Voertuig 2** | **Voertuig 3** |
|---|---|---|---|
| Datum aangekoop | 1 April 2021 | 1 Junie 2018 | 1 Mei 2009 |
| Drawaarde | R210 000 | R113 000 | R1 |
| Bestuurder se salaris per maand | R11 000 | R13 750 | R11 000 |
| Kilometers gery | 360 km | 780 km | 1 216 km |
| Aantal aflewerings gemaak | 24 | 40 | 38 |
| Gemiddelde kilometers per rit | 15 km | 19,5 km | 32 km |
| Brandstofkoste (R20,80 per liter) | R420 | R1 400 | R2 150 |
| Onderhoud / dienskoste (maandelikse gemiddeld) | R70 Diensplan | R115 | R285 |

**25**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar ŉ verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ŉ finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

Copyright reserved